



As jy nou regtig móét aftree

Te min geld gespaar word vererger deur beleggings wat te konserwatief is, en 'n 'luukse' lewenstyl

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

Jy staan op die punt om af te tree; hoe nou gemaak met jou geldsake?

Neem ter harte, die besluite wat jy nou neem, is kritiek vir jou finansiële toekoms vir die res van jou lewe. Want die kans om te herstel van 'n finansiële flater het jy nie. Nie sonder om weer te gaan werk soek nie.

Verlede week het ek hier 'n plan voorgestel oor hoe om te spaar om vir 'n belastingvoordelige aftrede voorsiening te maak. As jy in die situasie is wat ek daar voorstel - dus geld gespaar het anders as net in jou aftreefonds - gaan lees gerus die voorstelle wat ek maak oor hoe om jou belastingverpligtinge ná aftrede beter te bestuur.

Vandag wil ek fokus op aftrede waar die aftreefonds die grootste, indien nie die enigste nie, bron van pensioeninkomste is. En jy moet nou aftree.

As jy kan, kies altyd om langer te werk

Eers net kortliks weer my standaard-geneel oor vroeë aftrede waaraan gereelde lesers seker al gewoond is. As jy nie absoluut moet aftree op 55, of selfs 60, nie, moenie.

Die rede is eenvoudig: Jou statistiese lewensverwachting op 55 jaar (vir 'n man) is 21,45 jaar. Op 65 is dit 13,963 jaar. Op 80 is dit nog byna ses jaar. En op 90 nog so drie jaar.

Deur tien jaar langer te werk kan jy tien jaar langer spaar vir aftrede. Wat jou in 'n gemakliker finansiële posisie gaan plaas. Jou grootste beleggingsgroei vind boonop plaas in die laaste paar jaar voor aftrede.

In elk geval, werk maak sterk, het ons in die Voortrekkers geleer. En ledigheid is die duiwel se oorkussing, in die Afrikaansklas.

Goed, jy tree af, wat nou?

Tensy jy lid is van 'n vaste-voordeelfonds gaan jy jou aftreefondsgeld moet gebruik om 'n pensioen te koop wat inkomste moet bied vir die res van jou lewe.

'n Gewaarborgde lewensannuïteit of 'n beleggingsgekoppelde lewende annuïteit.

Eersgenoemde is gewaarborg en jy spring ons ander se beleggingskopsere vry.

Met 'n lewende annuïteit dra jy die volle beleggingsrisiko, maar jy kan kies hoeveel jy jaarliks wil onttrek - tussen 2,5% en 17,5% per jaar.

Jy het dus nie net 'n beleggingsrisiko met 'n lewende annuïteit nie, jy het ook 'n dissipline-risiko. Onttrek jy meer as die groei wat jy op jou geld kry, gaan jy

kort voor lank jou kapitaal begin verweer. En finansiële ellende lê en wag op jou.

As jy meer as so 5% van jou kapitaal per jaar as inkomste moet neem, is dit dalk wys om die gewaarborgde opsie te oorweeg. Daar is nie vaste reëls nie, mense verskil en hul behoeftes verskil.

Die punt is, dink mooi voordat jy doen. Verantwoordelikheid dra nou meer gewig as gemaklikheid.

Jy het gewoonlik die keuse om tot een derde van jou aftreegeld in kontant te laat uitbetaal.

Ek meen neem ten minste R700 000 (as jou fondswaarde dit toelaat). Die eerste R500 000 is vry van belasting en die volgende R200 000 word teen net 18% belas.

Die geld kan jy belê om voorsiening te maak vir latere behoeftes. Soos siekte-voorsiening as jy nie 'n gevreesde-siektepolis het nie of as 'n algemene noodfonds.

Besluit dan oor jou inkomstebehoefte, hoeveel per maand jy nodig het, en bereken dit oor jou lewensverwachting - tot 90 jaar is my voorstel. As jy aftree op 65 is dit 25 jaar.

As jy maandeliks sê R35 000 (voor belasting) nodig het om van te leef, moet jy minstens (met 8% per jaar gemiddelde beleggingsgroei) R4 842 078 hê by aftrede.

As jy wil hê jou inkomste moet verhoog met, sê 5% per jaar, verhoog die bedrag benodig na R7 641 398.

Tree jy op 55 af is die twee bedrae onderskeidelik R5 286 512 en R9 475 403 omdat jy vir soveel meer jaar voorsiening moet maak (en om my geneel oor vroeë aftrede te regverdig).

Nou kom die beleggingsbesluite

In my voorbeeld is die pensioen-inkomste so 5% per jaar van die kapitaal en die verwagte groei is 8% per jaar.

Ek sou sê heel haalbaar oor tyd en sonder om te veel beleggingsrisiko aan te neem.

Die probleem wat ek sien, is dat mense te min geld gespaar het vir aftrede en dan boonop sukkel om hul inkomstebehoefte by hul finansiële werklikheid aan te pas. En dan maak hulle 'n tweede fout wat die eerste een verdere momentum gee: Hulle belê te konserwatief.

Die argument blyk te wees dis al wat jy het, jy kan nie kansse waag nie. En dan word die geld belê in hoofsaaklik rente-draende instrumente, die geldmark of in effekte (*bonds*).

Dis 'n dubbelsnydende geldswaard. Jy kry nie die groei wat nodig is om jou inkomste te verkeer nie of, al kry jy dit, is inflasie in die stilligheid besig om jou kapitaal te verweer.

Maar aanvaar jy meer risiko vir beter groei - omdat jy nie anders kan nie, want jy weet jou geld gaan nie hou nie - beteken dit 'n groter blootstelling aan aandele.

En hoewel aandele vir jou beter groei gaan gee oor tyd, gaan daar jare wees waarin daar min groei gaan wees.

Dit is die dilemma.

Die antwoord hierop is eintlik maar net: Leef binne jou vermoë.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus B422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.